



**cumulus echo uittree-plan**  
omsetting

Versekering

Finansiële Beplanning

Aftrede

Beleggings

Welvaart

## Werkings van die plan

Ten einde die uittree-annuïteitsvoordele te ontvang, het u 'n lid van die Central Retirement Annuity Fund (die FONDS) geword. Die FONDS het by ons, Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens), 'n plan op u lewe uitgeneem om die uittree-annuïteitsvoordele te voorsien. Die FONDS is die planhouer en nie u nie. Wanneer ons 'n bestaande plan na 'n Cumulus Echo Uittree-Plan omskakel, ken ons vir administratiewe doeleindes 'n nuwe plannommer toe. In hierdie dokument verwys ons na u, die lid, as die versekerde lewe.

Die plan is 'n versekeringspolis soos beskryf onder, en gereguleer deur die Langtermynversekeringswet, 1998. Die plan sal deur ons geadministreer word.

## Planbesonderhede

Produkkode	R39C
Produknaam	Cumulus Echo Uittree-Plan
Produkopsie	Omvattend (Regulasie 28)

## Begindatum

Die plan wat omgesit is begin op die veronderstelde datum soos aangedui in die kwotasie vir 'n termyn tot die opsiedatum. Die werklike begindatum sal die datum wees waarop die omsetting geskied. Na die opsiedatum word die termyn van die plan as oop beskou.

## Betalingsbesonderhede

### Enmalige betaling

Die veronderstelde waarde aangedui in die kwotasie sal as 'n eenmalige betaling vanaf die bestaande plan oorgedra word. Die werklike waarde sal bepaal word op die datum waarop die omsetting geskied en sal in die polisstaat bevestig word.

### Herhalende betaling

Die herhalende betaling soos aangedui in die kwotasie is per maand betaalbaar op die datum waarop die betaling verskuldig is, en op dieselfde dag elke maand, of, in die geval van debietorderbetaalwyses, die eerste werksdag daarna. Die herhalende betaling sal een jaar na die plan se begindatum met die betalingsgroeï soos aangedui in die kwotasie verhoog, en op elke planverjaarsdag daarna.

### Illustratiewe herhalende betalings

Indien u outomatiese betalingsgroeï op die bestaande polis het, sal u nuwe Cumulus Echo Uittree-Plan betalings op dieselfde manier hanteer word.

Indien u nie outomatiese betalingsgroeï het nie, sal u herhalende betaling elke jaar met die inflasiekoers, soos deur ons bepaal, verhoog word. Met die vasstelling van die koers sal ons die verandering in die verbruikersprysindeks, of enige ander algemene aanvaarbare metode om inflasie te meet wat in daardie stadium van toepassing mag wees, in ag neem. Die Sanlam-inflasiekoers sal as gevolg van verskille in berekeningsmetodes van amptelike koerse verskil. 'n Minimum verhoging, wat van tyd tot tyd mag verander, is van toepassing. Die huidige minimum is 3.5%.

Om die impak van betalingsgroeï aan te dui, verwys asseblief na die volgende tabel. 'n Maandelikse betaling van R500 met jaarlikse betalingsgroeï teen Sanlam-inflasie, is veronderstel vir hierdie illustrasie. U werklike maandelikse betaling en die werklike betalingsgroeïkoers op die plan sal aangedui word in die kontrakdokumente.

Verstreke termyn	Herhalende betaling teen verskillende veronderstelde groeikoerse	
	@ 3.5%	@ 6.0%
1	R517.50	R530.00
2	R535.61	R561.80
3	R554.36	R595.51
4	R573.76	R631.24
5	R593.84	R669.11
10	R705.30	R895.42
15	R837.67	R1 198.28
20	R994.89	R1 603.57
25	R1 181.62	R2 145.94
30	R1 403.40	R2 871.75

Die werklike betalingsgroeikoerse elke jaar sal deur die toekomstige Sanlam-inflasiekoerse ten tye van groei bepaal word. Betalingsgroeikoerse van 3.5% en 6.0% word gebruik om te illustreer wat die moontlike toekomstige betalings kan wees.

## Beleggingsbesonderhede

Beleggingsfondse: Satrix Leeftyd Beleggingsopsie	Fondsnommer	Risiko-klassifikasie/ bateklas	% toegedeel
SATRIX Dynamic Balanced Fund B	920	Matig aggressief	100.0
Wealth Protector	695	Konserwatief	0.00
Totaal			100.0

Inligting oor al die beleggingsfondse wat ons bied, is op die Sanlam webruimte by <http://www.sanlam.co.za> beskikbaar.

Ons belê 'n betaling in die onderskeie beleggingsfondse deur eenhede in elk van hierdie beleggingsfondse te koop.

Omdat die Satrix Leeftyd Beleggingsopsie van toepassing is, sal ons u belegging aktief bestuur. Ons deel die belegging toe aan die beleggingsfondse soos in die vorige tabel aangedui. Nader aan die gekose aftreedatum sal ons geleidelik die toedeling van die belegging skuif deur die beleggingsfondse om te skakel om seker te maak dat die belegging ten volle in stabiele beleggingsfondse teen die beplande aftreedatum belê is. Geen transaksieheffing word vir hierdie omskakelings gehef nie.

Vir alle beleggingsfondse word die eenheidsprys nie gewaarborg nie, en mag dit mettertyd vermeerder of verminder.

Die fondswaarde van 'n spesifieke beleggingsfonds is die aantal eenhede vermenigvuldig met die eenheidsprys van daardie beleggingsfonds.

Die fondswaarde van die plan is die totale fondswaarde van al die beleggingsfondse vir die plan.

## Beleggingsfondsbeskrywings

Ons mag die bates in die ongekoppelde beleggingsfondse vir transaksies soos skripleninge aanwend. Enige inkomste of verlies voortspruitend uit hierdie transaksies is vir ons eie rekening, en sal nie die voordele waartoe die versekerde lewe onder hierdie plan geregtig is, beïnvloed nie.

### ➤ SATRIX Dynamic Balanced Fund B

Hierdie fonds is 'n passief bestuurde beleggingsfonds wat gediversifiseerde blootstelling, teen 'n kompeterende fooi, aan al die groot plaaslike en internasionale bateklasse bied. Die fonds belê in 'n mandjie van indekse. Afgeleide kontrakte word gebruik om blootstelling aan die betrokke indekse te verkry.

### ➤ Wealth Protector

Die doel van die fonds is om die voornemende afgetredene se werklike inkomstestroom gedurende aftrede te beskerm. Dit word gedoen deur grotendeels in inflasiegekoppelde effekte te belê wat deur die Suid-Afrikaanse regering uitgereik word en wat na verwagting nou ooreenstem met die koste om 'n inflasiegekoppelde pensioen by aftrede aan te koop. Dit kan verwag word dat die waarde van die portefeulje van tyd tot tyd verminder of verhoog word in reaksie op veranderinge in werklike rentekoerse. Die portefeulje word bestuur om aan Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse te voldoen.

## Moontlike waardes

### Illustratiewe waardes op gekose aftreedatum

Die illustratiewe waardes in die kwotasie is nie gewaarborg nie en is bepaal met die veronderstelling dat die bruto opbrengskoers onderskeidelik 6.5% per jaar vir 'n lae inflasie-scenario en 13% per jaar vir 'n hoë inflasie scenario sal wees. Daardie illustratiewe waardes behoort net gebruik te word as 'n hulpmiddel vir finansiële beplanning en moet nie gesien word as 'n akkurate voorspelling in enige opsig nie.

Die werklike opbrengskoers wat op die plan verdien word sal afhang van die bruto beleggingsopbrengs van die gekose beleggingsfondse en die mate waarin hierdie koers verminder is deur planheffings.

Daardie waardes veronderstel die beleggingsfondse aangedui in die kwotasie (wat goedkoper of duurder mag wees as die beleggingsfondse waarin voor die omsetting belê was) en maak voorsiening vir toekomstige betalingsgroei teen die koers aangedui in die kwotasie (wat moontlik kan verskil van die koers wat van toepassing is op die huidige plan). Hierdie waardes sluit die Echo Bonus wat by aftrede bygevoeg word, in.

## Faktore wat die opbrengs op die plan beïnvloed

### Beleggingsopbrengs op gekose beleggingsfondse

Die bruto beleggingsopbrengs is die opbrengskoers wat verdien word op die beleggingsfondse wat gekies is deur die versekerde lewe, voor aftrekkings vir lewensversekeraarsbelasting en heffings. Hierdie koers sal afhang van die finansiële marktoestande en die inflasiekoerse gedurende die termyn van die plan.

### Uitwerking van inflasie

Inflasie het 'n groot impak op beleggingsopbrengste, en oor die algemeen lei hoër inflasie tot hoër beleggingsopbrengste en laer inflasie lei tot laer beleggingsopbrengste. Die reële opbrengskoerse (die koers waarmee die opbrengs inflasie oorskry) gee 'n betekenisvolle aanduiding van hoe die belegging presteer het.

### Uitwerking van lewensversekeraarsbelasting

Geen belasting word tans in die polishouerfonds vir aftreefondse gehef nie.

# Echo Bonus

## Beskrywing

Die Echo Bonus is 'n addisionele bedrag wat by die voordeel betaalbaar by beëindiging of aftrede gevoeg word. Hoe langer die versekerde lewe betalings gemaak het en hoe hoër die bedrag van die betalings oor die termyn van die plan, hoe groter sal die Echo Bonus gewoonlik wees.

Vir die doel van die berekening van die Echo Bonus word die betalings in dele verdeel wat betalingslae genoem word. Op die begindatum van die omsetting word 'n aparte betalingslaag gevorm deur die eenmalige betaling en herhalende betaling, indien van toepassing. Daarna word vir elke verhoging in herhalende betaling, hetsy op versoek van die versekerde lewe of as gevolg van betalingsgroei op die plan, asook vir elke addisionele eenmalige betaling, 'n nuwe betalingslaag bygevoeg. Die nuwe betalingslaag word gevorm deur die verhoogde deel van die herhalende betaling of deur die addisionele eenmalige betaling. Die Echo Bonus vir die plan is die som van die Echo Bonusse vir al die betalingslae.

Vir elke betalingslaag word 'n aparte Echo Bonus bereken. Die Echo Bonus is 'n **persentasie** van die som van die versekerde lewe se betalings wat belê is vir elke betalingslaag en die **beleggingsopbrengs** tot op die tydstip van die berekening van die Echo Bonus, vermenigvuldig met 'n **faktor**. Die vermenigvuldiging met 'n faktor geld slegs vir 'n plan met herhalende betalings.

Die **persentasie** waarna hier verwys word, word die Echo Bonus-persentasie genoem, en hang af van die termyn waarvoor die betalingslaag in werking was op die tydstip van die berekening. Hoe langer hierdie termyn, hoe hoër sal die Echo Bonus-persentasie wees.

Die beraamde Echo Bonus-persentasies vir verskillende termyne word in die kwotasie aangedui. Die werklike Echo Bonus-persentasies sal bereken word op die dag waarop die omsetting uitgevoer word en sal in die staat bevestig word.

Verminderde kommissie is betaalbaar omdat daar onderhandel is vir die kommissie om laer as die toegelate maksimum te wees, of omdat die kommissiebedrag weens wetgewing beperk is. Gevolglik sal die Echo Bonus-persentasies in the tabel in die kwotasie verhoog word vir die herhalende betalingslaag op die begindatum van die omsetting. Vir termyne 0 tot 5 jaar sal die Echo Bonus-persentasie op 'n liniêre skaal van 0% tot 'n maksimum van 5% verhoog word. Vir termyne langer as 5 jaar sal die Echo Bonus-persentasie tot die opsiedatum konstant bly. Indien die betalingsgebaseerde kommissie op 'n tydstip in die toekoms heronderhandel word, sal die addisionele Echo Bonus-persentasie dienooreenkomstig verander word.

Hiermee die Echo Bonus-persentasies vir enige verhoging in herhalende betalings as gevolg van betalingsgroei op die omgesette plan:

Termyn in jare	Echo Bonus %
0	0
5	2
10	10
15	20
20	30
25	50
30	70
35	90
40	110

Vir termyne langer as dit wat in die tabel aangedui word, sal die Echo Bonus-persentasie elke 5 jaar na die laaste termyn in die tabel met 20% verhoog.

Vir 'n termyn tussen dit wat in die tabel getoon word, bepaal ons eers die persentasies wat op die termyne voor en na die vereiste termyn van toepassing is. Dan bepaal ons die persentasie om vir die vereiste termyn te gebruik as 'n interpolasie tussen die twee persentasies. Byvoorbeeld, as die persentasies vir 2 opeenvolgende termyne, 5 jaar uitmekaar, 10% en 20% is, en die vereiste termyn 2 jaar na die eerste termyn is, dan sal die persentasie 14% wees.

Omdat daar onderhandel is vir die kommissie om laer as die toegelate maksimum te wees, sal die herhalende betaling Echo Bonus-persentasies in die vorige tabel verhoog word. Vir termyne 0 tot 5 jaar sal die addisionele Echo Bonus-persentasie op 'n liniêre skaal van 0% tot 2.5% verhoog word. Vir termyne langer as 5 jaar sal die addisionele Echo Bonus-persentasie tot die opsiedatum 2.5% bly. Indien die betalingsgebaseerde kommissie op 'n stadium in die toekoms heronderhandel word, sal die addisionele Echo Bonus dienooreenkomstig verander word.

Die **beleggingsopbrengs** weerspieël die prestasie van die onderliggende beleggingsfondse van die plan. Die beleggingsopbrengs maak ook voorsiening vir enige heffings of fooie wat van die fondswaarde van die plan afgetrek word, asook enige afslag wat by die fondswaarde van die plan gevoeg word. Die som van die versekerde lewe se betalings wat belê is vir alle betalingslae en die beleggingsopbrengs is gelyk aan die fondswaarde van die plan.

Vir die herhalende betalingslaag is die **faktor** op die aanvangsdatum van die omsetting wat in die berekening van die Echo Bonus gebruik word, gelyk aan een. Vir elke daaropvolgende herhalende betalingslaag tot die opsiedatum is die faktor gelyk aan die som van die herhalende betalings wat tot op die tydstip van berekening gemaak is, gedeel deur die som van die herhalende betalings wat ons verwag het gemaak sou word oor die termyn van die begindatum van elke betalingslaag tot die opsiedatum. Die faktor vir elke daaropvolgende herhalende betalingslaag sal toeneem vir solank as wat die versekerde lewe aanhou om herhalende betalings te maak. As die versekerde lewe herhalende betalings verminder of staak, sal die faktor vir elke daaropvolgende herhalende betalingslaag teen 'n laer koers toeneem of ophou om toe te neem. Die faktor word tot 'n maksimum van een beperk.

Vir die berekening van die Echo Bonus by die dood van die versekerde lewe, wanneer die versekerde lewe voor sy of haar 55<sup>ste</sup> verjaarsdag vir ongeskiktheidsvoordele kwalifiseer soos gedefinieer in die reëls van die FONDS, en vir herhalende betalingslae wat na die opsiedatum begin, sal die faktor as gelyk aan een geag word.

Voorbeeld 1: Emma is 40 jaar oud. Sy besluit om R1 000 per maand tot 'n Cumulus Echo Uittree-Plan by te dra. Haar gekose aftree-ouderdom is 65 – so die kontraktuele termyn van die plan is 25 jaar. As mens dus na die tabel kyk, dui dit daarop dat 'n 50% Echo Bonus by Emma se totale aftreespaargeld gevoeg sal word wanneer sy op 65 aftree. Indien Emma **al haar bydraes** tot en met ouderdom 65 maak en 'n opbrengskoers van 10% word veronderstel, sou Emma se fondswaarde dus ongeveer R600 000 wees, en sal 'n Echo Bonus van R300 000 (d.i. 50% van R600 000) gevolglik by haar totale fondswaarde by aftrede gevoeg word. Haar aftreevoordeel sal daarom gelyk wees aan R900 000.

Voorbeeld 2: Alternatiewelik na 15 jaar, op ouderdom 55, besluit Emma om haar betaling met 50% te verminder, wat dit verander na R500 per maand. Na 5 jaar waartydens sy R500 per maand betaal het, verhoog sy haar betaling na R1 500 per maand en neem die aftreevoordeel op haar gekose aftree-ouderdom van 65.

Die oorspronklike betaling van R1 000 per maand, wat later verminder is na R500 per maand, geld as die eerste laag. Emma se fondswaarde vir hierdie laag op ouderdom 65, wanneer sy aftree, is ongeveer R530 000.

Die verhoogde betaling van R1 000 per maand wat betaalbaar is vanaf jaar 20, geld as die tweede laag. Emma se fondswaarde vir hierdie laag op ouderdom 65, wanneer sy aftree, is ongeveer R70 000.

Die Echo Bonus vir elke laag word dan as volg bereken:

**Laag 1** het 'n Echo Bonus termyn van 25 jaar, wat beteken dat dit 'n Echo Bonus % van 50% behels (sien Echo Bonus tabel op die vorige blad).

Die Echo Bonus word dan as volg bereken:

$$\text{Echo Bonus} = \text{Echo Bonus \%} \times \text{fondswaarde} \times \text{faktor (f)}$$

Waar:

$$\begin{aligned} f &= \text{Betaling ontvang vir laag 1} / \text{verwagte betaling vir laag 1} \\ &= [(1\,000 \times 12 \times 15) + (500 \times 12 \times 10)] / (1\,000 \times 12 \times 25) \\ &= 0.80 \end{aligned}$$

Gevolgtik:

$$\begin{aligned} \text{Echo Bonus} &= (50/100) \times R530\,000 \times 0.80 \\ &= R212\,000 \end{aligned}$$

**Laag 2** het 'n Echo Bonus termyn van 5 jaar, wat beteken dat dit 'n Echo Bonus % van 2% behels (sien Echo Bonus tabel op die vorige blad).

Die Echo Bonus word dan as volg bereken:

$$\text{Echo Bonus} = \text{Echo Bonus \%} \times \text{fondswaarde} \times \text{faktor (f)}$$

Waar:

$$\begin{aligned} f &= \text{Betaling ontvang vir laag 2} / \text{verwagte betaling vir laag 2} \\ &= (1\,000 \times 12 \times 5) / (1\,000 \times 12 \times 5) \\ &= 1 \end{aligned}$$

Gevolgtik:

$$\begin{aligned} \text{Echo Bonus} &= (2/100) \times R70\,000 \times 1 \\ &= R1\,400 \end{aligned}$$

## Voordeelbesonderhede

Die Echo Bonus-persentasies wat gebruik word in die berekening van die Echo Bonus word in die kwotasie aangedui.

## Heffings

Hierdie inligting word voorsien soos op die datum wat in die kwotasie gemeld word, en enige verwysing na "tans", "huidig" of "huidige" verwys na daardie datum. Dit beteken dat die heffings van tyd tot tyd mag verander.

## Heffings vir die plan

Die huidige heffings is as volg:

### ➤ Betalingsheffing

Die betalingsheffing vir herhalende betalings is 3.50% van elke betaling, as betalings per aftrekorder gemaak word.

### ➤ Bemerkings-en-administrasieheffing

Die bemerkings-en-administrasieheffing word as 'n persentasie van die fondswaarde bereken. Die heffing word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat die persentasie deur 12 gedeel word om die maandelikse bedrag te bereken. Die heffing word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop. Hierdie heffing is onderworpe aan 'n minimum randbedrag wat geleidelik oor 24 maande van R0 per maand op die begindatum van die plan na R50.50 per maand verhoog sal word. Hierdie huidige minimum randbedrag sal van tyd tot tyd verhoog word om vir inflasie, soos deur ons bepaal, voorsiening te maak.

Die bemerkings-en-administrasieheffing verander soos die fondswaarde van die plan na hoër fondswaardebande verhoog, soos in die volgende tabel aangedui.

Die totale bemerkings-en-administrasieheffing vir die versekerde lewe word bereken op die som van die fondswaardes van al die planne wat vir die versekerde lewe vir die Cumulus Echo uittree-annuïteit-produk asook die Cumulus Echo beleggingsgekoppelde lyfrente-produk bestaan. Die bemerkings-en-administrasieheffing vir hierdie plan word bereken as die verhouding wat die fondswaarde van hierdie plan tot die totale fondswaarde van al die planne het, vermenigvuldig met die totale bemerkings-en-administrasieheffing. Die minimum maanelikse randbedrag per plan sal steeds geld.

Waardeband van fonds	Jaarlikse bemerkings-en-administrasieheffing % van fondswaarde
Eerste R500 000	4.20
Volgende R500 000	3.75
Volgende R1 000 000	3.50
Surplus bo R2 000 000	3.50

Die bemerkings-en-administrasieheffing is tans 4.20% per jaar van die fondswaarde, nie in ag genome die minimum maandelikse heffing en die Echo Bonus nie. Die effektiewe heffing sal laer wees na inagneming van Echo Bonusse. Die heffing is vir hierdie spesifieke plan en sluit nie enige potensiele afslag as gevolg van meer as een Cumulus Echo-plan in nie.

## Aftrekkings wat deur die batebestuurders gemaak word

'n Batebestuurder hef fooie vir beleggingsnavorsing en vir die selektering van die onderliggende bates vir 'n spesifieke beleggingsfonds. Dit word in berekening gebring wanneer die daaglikse eenheidsprys van die beleggingsfondse bereken word. Die gepubliseerde prestasiesyfers van die beleggingsfonds is dus netto van hierdie fooie.

Hierdie fooie mag vas of prestasiegebaseerd wees soos aangedui in die **Fooitipe**-kolom in die volgende tabel. Prestasiegebaseerde fooie (PGF) is afhanklik van die prestasie van 'n beleggingsfonds in verhouding tot sy maatstaf. Die huidige minimum en maksimum fooie vir 'n beleggingsfonds word in die **Fooverspreiding**-kolom aangedui. Slegs een waarde word aangedui vir 'n belegging met 'n vaste fooi.



Die **Fooi teen maatstaf** dui die fooi wat gehef sal word as die beleggingsopbrengs op 'n beleggingsfonds dieselfde as sy maatstaf is, aan. Behalwe vir 'n beleggingsfonds met 'n vaste fooi, kan die werklike fooi hoër of laer wees na gelang van die prestasie van die beleggingsfonds. Besonderhede oor die maatstaf en hoe die fooi bereken word, is beskikbaar by die batebestuurder of op die toepaslike fondsfeiteblad op die Sanlam webruimte.

Die Totale Beleggingskoste (**TBK**) is nie 'n aparte fooi nie, maar 'n aanduiding van die werklike koste wat aangegaan is vir die bestuur van die beleggingsfonds oor die laaste drie jaar tot by die datum wat in die volgende tabel aangedui word. Die TBK word as 'n persentasie van die bates van die beleggingsfonds uitgedruk.

Beleggingsfonds	Foositipe	Fooi-verspreiding %	Fooi teen maatstaf <sup>3</sup> %	TBK soos op 2018/12/31 <sup>1,2</sup> %
SATRIX Dynamic Balanced Fund B	Vaste	0.30	0.30	0.30
Wealth Protector	Vaste	0.25	0.25	0.28

Alle waardes word as 'n jaarlikse persentasie van die markwaarde van elke beleggingsfonds uitgedruk en sluit BTW in waar van toepassing.

1. Die TBK is gelyk aan die som van die totale onkosteverhouding (TOV) en die totale kosteverhouding (TKV). Die TOV sluit in die jaarlikse foobie wat 'n batebestuurder hef, wat die fooi teen maatstaf en enige prestasiekomponent is, asook enige bewaardersfoobie. Die TKV sluit in die meer direkte beleggingskoste wat hoofsaaklik bestaan uit handelskoste, byvoorbeeld makelaarsloon, en belasting byvoorbeeld BTW, STT, STRATE en FDR Beleggerbeskermingsheffing.
2. Die TBK word gebruik om Beleggingsbestuur in die EJK-tabel te bereken (verwys voorheen na "Uitwerking van heffings en Echo Bonus").
3. As u 'n lid van Reality is, en na gelang van die Reality-opsie en -vlak waarop u in daardie stadium is, mag ons 'n afslag op die Fooi teen maatstaf vir sekere beleggingsfondse gee. Hierdie afslag word nie gewaarborg nie. Die afslag sal maandeliks by die fondswaarde van die polis gevoeg word deur addisionele eenhede ter waarde van die afslag by te voeg.

### Beëindigingsheffing

Ons mag 'n beëindigingsheffing vir 'n vroeë aftreevoordeel wat geneem word of by beëindiging van die plan voor die opsiedatum hef. Verwys asseblief na die kwotasie vir besonderhede oor hierdie heffing.

### Betalingverminderingheffing

Ons mag 'n betalingverminderingheffing vir vermindering of staking van die herhalende betaling hef. Verwys asseblief na die kwotasie vir besonderhede oor hierdie heffing.

### Transaksieheffing

Die transaksieheffing vir elk van die volgende wysigings word bereken as die kleinste van R300 en 1% van die fondswaarde. Hierdie huidige randbedrag word bepaal deur middel van regulatoriese maatreëls en dit sal in die toekoms verander as sodanige regulatoriese maatreëls of wetgewing verander. Hierdie heffing sal bykomend tot die wysigingsheffing gehef word.

- ① Vermindering of staking van herhalende betaling;
- ① Neem van vroeë aftreevoordeel;
- ① Beëindiging van die plan.

Ons sal nie hierdie transaksieheffing op of na die gekose aftreedatum (opsiedatum) hef nie. Die transaksieheffing sal van die fondswaarde verhaal word deur die vereiste aantal eenhede te verkoop.

## Vermindering of staking van die herhalende betaling

Die herhalende betaling mag op versoek verminder of gestaak word. Die herhalende betaling mag slegs gestaak word as die fondswaarde ten minste R100 is, na aftrekking van die betalingsverminderingshoof, indien van toepassing, en die transaksieheffing. As herhalende betalings gestaak word ten spyte daarvan dat daar nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal die plan verval.

## Kommissie

Die kommissie, indien van toepassing, word nie addisioneel tot die "Heffings" verhaal nie. 'n Deel van hierdie heffings betaal vir die kommissie.

Geen kommissie is betaalbaar ten opsigte van die eenmalige betaling nie.

## Aanvangskommissie

Ons sal aanvangskommissie tot 'n maksimum van 2.5% van elke toekomstige verhoging in betaling, verdiskonteer oor die uitstaande termyn, betaal. Die kommissie is betaalbaar op die datum van die verhoging in betaling. Dit is gebaseer op die verhoogde betalings oor die uitstaande termyn, beperk tot 'n maksimum van 25 jaar. Voorbeeld: Oorweeg 'n plan met 'n termyn van 10 jaar, 'n aanvanklike betaling van R500 per maand, 'n 10% verhoging in betaling per jaar en 2.5% aanvangskommissie. Die verhoging in betaling aan die einde van jaar 1 sal R50 wees. Die kommissie betaalbaar sal  $2.5\% \times R50 \times 84.2494 = R105.31$  wees. Elke daaropvolgende verhoging in die betaling sal op dieselfde manier werk.

## Betalingsgebaseerde kommissie

Geen betalingsgebaseerde kommissie is betaalbaar nie.

## Beleggingsfondsoorwegings

### Nakoming van Regulasie 28

Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse, 1956 vereis dat spaargeld vir aftrede beskerm moet word. Om hierdie rede beperk die regulasie die blootstelling van aftreefondsplanne aan verskillende bateklasse. Die maksimum beperkings is tans, onder andere, 75% in aandele, 30% in buitelandse bates, 25% in eiendomsbates en 10% in verskansingsfondse. Dit is noodsaaklik dat aftreefondsplanne aan die beperkings van Regulasie 28 voldoen.

Sommige beleggingsfondse voldoen aan Regulasie 28 wat beteken dat die batebestuurders van daardie fondse seker maak dat die fondse altyd voldoen aan die beperkings van Regulasie 28. As 'n aftreefondsplan slegs beleggingsfondse het wat aan Regulasie 28 voldoen, of 'n leeftydbeleggingsopsie het, sal die plan altyd aan Regulasie 28 voldoen.

As 'n aftreefondsplan een of meer beleggingsfondse het wat nie aan Regulasie 28 voldoen nie, kan markbewegings tot gevolg hê dat die batetoedelings van die plan die beperkings oorskry wat deur Regulasie 28 bepaal word. Om hierdie rede is ons verplig om die plan op 'n gereelde grondslag te monitor om vas te stel of dit steeds aan Regulasie 28 voldoen. As die plan nie meer voldoen nie, sal ons die versekerde lewe in kennis stel van die vereiste aksies om die batetoedeling te herbalanseer asook die gevolge as dit nie gedoen word nie.

### Mag 'n beleggingsfonds gesluit word?

Ja. Dit kan byvoorbeeld gebeur as wetgewing verander of sekere klasse bates onbekombaar raak of dit na ons mening nie meer verstandig is om in die spesifieke beleggingsfonds te belê nie. As die plan geraak word, sal ons die versekerde lewe versoek om 'n ander beleggingsfonds te kies wat in daardie stadium vir hierdie tipe plan toegelaat word, en om ons van die keuse in kennis te stel. As ons geen reaksie op sodanige versoek ontvang nie, sal ons besluit in watter beleggingsfonds om die deel van die plan wat geraak word te belê.

## Omskakelings en hersiene betalingstoedeling

Enige omskakeling van beleggingsfondse wat ons na gelang van die toepaslike leeftydbeleggingsopsie doen, sal gratis wees. Geen transaksieheffing sal gehêf word nie.

## Voordeelbeskrywings

### Aftreevoordeel

Die aftreevoordeel mag enige tyd vanaf die versekerde lewe se 55<sup>ste</sup> verjaarsdag geneem word, behalwe as die versekerde lewe vir ongeskiktheidsvoordele kwalifiseer soos gedefinieer in die reëls van die FONDS, wanneer dit vroeër geneem mag word. Die aftreevoordeelbedrag is gelyk aan die plan se beëindigingswaarde, wat die fondswaarde minus die transaksie- en beëindigingsheffings, indien van toepassing, is.

### Hoe sal die aftreevoordeel voorsien word?

Na gelang van wetgewing mag die versekerde lewe 'n deel van die voordeelbedrag as 'n enkelbedrag neem. Die balans moet gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien. Of die versekerde lewe kan kies dat die volle voordeelbedrag gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien.

### Hoe sal die gereelde pensioenbetalings voorsien word?

Aangesien hierdie omsetting die Omvattende R28-produkopsie behels, mag die aftreevoordeelbedrag belê bly in die plan, terwyl gereelde pensioenbetalings voorsien word. Geen betalings mag terselfdertyd gemaak word nie.

Anders sal hierdie plan eindig en 'n lyfrenteplan mag uitgeneem word om die gereelde pensioenbetalings te voorsien. Die lyfrenteplan moet by 'n versekeraar uitgeneem word wat as 'n langtermynversekeraar onder die Langtermynversekeringswet, 1998 geregistreer is.

Die plan sal dan eindig, ongeag op watter manier die voordeelbedrag geneem word.

### Belasting op aftreevoordeel

Volgens huidige belastingwetgewing, en na gelang van die versekerde lewe se belastingomstandighede,

- kan die enkelbedragvoordeel belastingvry binne sekere perke wees, en
- sal gereelde pensioenbetalings ten volle as inkomste belasbaar wees.

Indien die totale aftreevoordeel van al die planne wat die FONDS op die versekerde lewe het, nie R247 500 oorskry nie, kan dit as 'n enkelbedrag betaal word.

### Belastingbesparing

Volgens huidige belastingwetgewing kwalifiseer u betalings tot 'n uitree-annuïteitsfonds tot en met u persoonlike limiet vir belastingverligting.

### Voordeel betaalbaar by dood

Die fondswaarde op die datum waarop ons in kennis gestel word van die dood van die versekerde lewe sal betaalbaar wees.

Die volle voordeelbedrag mag as 'n enkelbedrag betaal word, of dit kan gebruik word om gereelde pensioenbetalings te voorsien.

## Wie sal die voordeel betaalbaar by dood ontvang?

Soos deur die Wet op Pensioenfondse vereis word, moet enige bedrag betaalbaar as gevolg van dood betaal word

- ⊗ aan enige of al die afhanklikes van die versekerde lewe, of
- ⊗ as die versekerde lewe genomineerdes aangewys het wat nie afhanklikes is nie, dan aan enige een of meer van die afhanklikes en genomineerdes.

## Vervanging

Dit is nie in u belang om, geheel of gedeeltelik, 'n bestaande finansiële produk te kanselleer of om betalings te verminder, om hierdie plan uit te neem nie. Dit is belangrik dat u die invloed wat dit op u finansiële beplanning mag hê, sal verstaan. Onder die potensiële implikasies is koste en nagevolge van so 'n vervanging, waar van toepassing:

- ⊗ betaling van nuwe heffings;
- ⊗ die invloed van verhoogde ouderdom op betalings;
- ⊗ toekomstige onversekerbaarheid;
- ⊗ verlies van dekking;
- ⊗ herwinning van onverhaalde uitgawes ingevolge die bestaande produk;
- ⊗ verlies van belastingvoordele (indien enige).

## Eiseprosedure

In die geval van 'n eis, stel ons asseblief so gou moontlik in kennis. Om die nodige eisvorms te verkry en te verseker dat al die vereiste inligting verskaf word, tree met Sanlam Lewens se Eise-inbelsentrum by (021) 916-1710 in verbinding. Afhangende van die aard van die eis, sal dokumentêre bewyse (byvoorbeeld 'n doodsertifikaat of mediese verslag) vereis word.

## Dis maklik om vir die Omsetting na die Cumulus Echo Uittree-Plan aansoek te doen

U kan óf:

- ⊗ Ons kontak op 0860 22 33 90 vanaf Maandae tot Donderdae tussen 08:30 en 17:00, en Vrydae tussen 08:30 en 16:00.
- ⊗ U adviseur of makelaar kontak. (Skakel 0860 22 33 90 indien u nie een het nie.)

## Afkoelperiode

As u die uitnodiging aanvaar, en aansoek doen vir die omsetting gebaseer hierop, sal u 'n tydperk van 31 dae hê om die kontrakdokumente deur te gaan en te besluit of u wil voortgaan met die omsetting. As die omsetting werklik nie aan u vereistes voldoen nie, en as u nie enige wysigings daaraan gemaak het nie, mag u dit kanselleer deur ons gedurende hierdie tydperk skriftelik in kennis te stel.

Ons sal dan enige verhogings in die herhalende betalings wat u reeds gemaak het sedert die begindatum van die omsetting, aan u terugbetaal. As die bates waarin die verhoging in herhalende betalings belê is, in waarde verminder het, of as u reeds voordele van die plan ontvang het, sal ons die bedrag wat aan u terugbetaal moet word dienooreenkomstig verminder.

## Professionele en vrywaringsversekering

Sanlam Lewens beskik oor professionele en vrywaringsversekering.

## Navrae

Indien u enige verdere inligting verlang, of indien u onvoldoende diens of onvanpaste advies ontvang het, kan u gerus ons Kliëntesorgsentrum by 0860SANLAM (0860 726 526) skakel, of 'n e-pos-boodskap by [life@sanlam.co.za](mailto:life@sanlam.co.za) aan ons stuur. Ons nakomingsafdeling kan by dieselfde nommer gekontak word.

### Notas:

Indien u op u eie met hierdie transaksie voortgaan, aanvaar ons dat dit nie op die advies van 'n adviseur of makelaar gebaseer is nie.

Alle verwysings na Sanlam Lewens dui op Sanlam Lewensversekering Beperk. Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer.